# BANTOE-ARBEID IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK SOOS BENADER DEUR DIE BOERE EN DIE SENDELINGE

## I

Gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu en veral na die Eerste Vryheidsoorlog, het die arbeidsvraagstuk gedurig die aandag van die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek gevra. Die tekort aan arbeidskragte was nie net beperk tot Transvaal nie, maar was ook die probleem van die res van Suid-Afrika; trouens, dit was 'n wêreldprobleem.

Die Voortrekkers wat hulle in die binneland gevestig het, was sonder werkvolk en arbeidskragte moes gevind word. Dit is vanselfsprekend dat hulle hul gewend het tot die naturellestamme omdat hulle in die Kaapkolonie aan nie-blanke arbeid gewoond was. By die blanke in Suid-Afrika het dit op daardie tydstip reeds tradisie geword dat die nie-blanke „Cham se geslag" was, wat deur God daargestel is om hom te dien. Selfs in 1892 praat 'n Transvaalse Afrikaner nog van die nie-blankes as „Chamsgeslacht — de dienstknechten".[1] Die nie-blanke is beskou as 'n anderssoortige en „minderwaardige" wese wat slegs as arbeinsinstrument nuttig kon wees.

Na die militêre onderwerping van die Bantoe, sou daar 'n verdere „botsing" tussen hom en die Boer plaasvind; 'n „botsing" omdat die Bantoe nie altyd bereid was om te voldoen aan die eise wat die Boer aan hom gestel het, nl. om vir hom te werk nie. Die blanke het vir homself volle beskikkingsreg oor die lot van die Bantoe toegesê en het homself as voog oor die Bantoe aangestel. Dit word duidelik uit die inleiding tot Wet 4 van 1885, waarin die naturellebeleid van die Suid-Afrikaanse Republiek uiteengesit word.[2] Die vraag is vanwaar hierdie reg wat die Boer hom oor die dienste van die Bantoe aangematig het. Daar was die reg van verowering met die Groot Trek, 'n geloof dat sy godsdiens die „heidense" ras aan hom gegee het om sy dienskneg te wees, asook 'n reg wat dáárop berus het dat die staat beskerming aan die Bantoe verleen, op grond waarvan hy dan teeneise soos in verband met arbeid en belasting kon stel.

As gevolg van die Boer se siening van die Bantoe en die blanke se naturellebeleid, is daar in die „koue oorlog" tussen Boer en Bantoe van verskillende metodes deur die blanke gebruik gemaak om die Bantoe „diensbaar" te maak, d.w.s. tot arbeid te bring. Die metodes wat gedurende die vroeë jare in die Republiek gebruik is om die Bantoe op indirekte wyse te verplig om in diens te gaan by boere, was die volgende:[3] Jong naturelle kon tot hulle vyf-en-twintigste jaar by boere ingeboek word. Daar is gebruik gemaak van 'n passtelsel om „landlopery" te beheer en die vry kom en gaan van naturelle in 'n mate te beperk. Daar is gehoop dat dit naturelle sou aanmoedig om op een plaas te bly en nie doelloos

1. F. A. van Jaarsveld: *Lewende Verlede*, p. 234.
2. *Locale Wetten der Z.A.R.* 1884-1885, p. 1352.
3. J. D. Huyser: *Die Naturelle-Politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek* 1838-1877, p. 133-135; p. 181-182; p. 186-187.

rond te trek nie. Dan is daar ook belasting gehef op die naturelle wat as 'n prikkel tot arbeidsaamheid moes dien. Die naturelle sou die geld moes vind om die belasting te betaal en die verwagting was dat hulle by boere sou gaan werk om die geld te vind.

Dit was veral na die ontdekking van goud in Transvaal toe die mynbase die hoogste bod op die arbeidsmark uitgebring het, dat die landelike arbeidsvraagstuk dwingend geword het. Die probleem is verder verskerp deur die aanwas van die blanke bevolking en die feit dat die boere, in 'n groter mate as voorheen, 'n bestaan uit die boerdery moes vind. Grond het skaars geword en die dae toe hulle 'n bestaan uit jag en ander bykomstighede kon vind, was verby. Elkeen was aangewys op sy plaas en om intensief te kon boer, was werkvolk dringend nodig.

Die gewillige naturel wat wou werk, is deur hoë lone van die plase af na die myne toe weggelok. Die boere wat nie genoeg werkvolk kon kry nie, het by die Regering daarop begin aandring om teen die naturelle wat 'n „lui-lekker" lewe gevoer het, op te tree, en wat „saamgehoop" het op onbewoonde plase, die plase van rykes, spekulante en ook in die reservate.[4] Vir die Regering was dit 'n netelige saak, want die Londense Konvensie het bepaal dat daar reservate vir die naturelle afgebaken moes word en dat hulle onder 'n passtelsel vry binne die land moes kon beweeg.

Jaar na jaar het die burgers hulle egter by wyse van memories tot die Volksraad gerig en het op 'n oplossing van die landelike arbeidsvraagstug aangedring. Plakkery of „samenhopen" moes by wyse van wetgewing belet word en daar is gevra dat die naturelle „verdeeld zouden worden volgens wet".[5] Die versoekskrifte het daartoe gelei dat die sogenaamde Plakkerswet (Wet 11 van 1887) deur die Volksraad aangeneem is.[6] Die wet het bepal dat daar nie meer as vyf naturelle gesinne op 'n plaas mag woon nie, behalwe met spesiale toestemming van die Regering. Op die wyse wou die Regering 'n meer eweredige verspreiding van werkvolk bewerkstellig, want waar daar meer as vyf gesinne op 'n plaas was, sou die oortolliges moes padgee en kon die amptenare hulle toesê aan burgers wat te min of glad nie werkvolk gehad het nie.

Die wet het nie die gewenste uitwerking gehad nie en die landelike arbeidsvraagstuk is nie op die manier opgelos nie. Die amptenare was nie oral by magte om die wet uit te voer nie, soos byvoorbeeld in die noordelike bergagtige dele van die Republiek, waar ongehoorsame stamme gewoon het en teenstand van die naturelle self ondervind is. In ander distrikte weer soos in die oostelike distrikte, was die burgers self gekant teen die wet omdat hulle bang was dat die naturelle, by die toepassing van die wet, oor die grense sou trek. Die amptenare het ook skuldig gestaan waar hulle traag was om die wet uit te voer en maar oogluikend toegelaat het

4. *De Volksstem,* 10 September 1885, „Inwoner", 7 Julie 1895, Amsterdam, aan die Redakteur.
5. V.R.R. 46/87: Memorie van H. T. Bührmann, F. W. Ernst en 26 ander, Ermelo, April 1887, aan die Volksraad. V.R.R. 54/87: Memorie van A. P. J. Cronje, J. J. Roos en 54 ander, Klerksdorp, 23 Maart 1887, aan die Volksraad.
6. *Locale Wetten der Z.A.R.* 1886-1887, p. 151-152.

dat daar meer as die volgens wet aangestelde aantal naturelle op 'n plaas gewoon het.

Vanaf die begin van die negentigerjare is daar deur die Regering in alle rigtings gesoek na 'n oplossing van die netelige arbeidsvraagstuk. Die burgers het voortdurend by wyse van memories aan die Volksraad hulle wense bekend gemaak en planne aan die hand gedoen. By wyse van vraelyste wat deur genl. Piet Joubert, wat as Superintendent van Naturelle* opgetree het, uitgestuur is, is die advies van die amptenare gevra. Ten einde raad stuur genl. Joubert op 27 Desember 1894 'n omsendbrief aan die sendelinge binne die Suid-Afrikaanse Republiek om hulle hulp in te roep.[7]

Genl. Joubert het verklaar dat dit nie die „aard" of „wil" van die naturelle was om uit hulleself iets by te dra tot die beskawing nie. Omdat hulle aan 'n „lui" en „leë" lewe gewoond was, was dit bykans onmoontlik om hulle tot beskawing, vooruitgang en Christendom te bring. Hoewel hulle al die jare die beskerming van die blankes geniet en hulle getal ontsaglik vermenigvuldig en „vertienvoudig" het, het hulle in „arbeidsaamheid" of „behulpsaamheid" eerder agteruitgegaan. Omdat hulle behoeftes min is en hulle lewenslus met 'n paar potte bier opgewek word, „zoo zijn zij voor het land eerder een straf te noemen dan een zegen".[8]

Genl. Joubert wys daarop dat die Volksraad kort daarna weer sal byeenkom; dat die burgery weer sal kla oor die gebrek aan arbeiders en dat hulle sal aandring op wetgewing ten opsigte van die arbeidsvraagstuk. Daar sal verwys word, ten regte of ten onregte, na die reservate en sendingstasies wat 'n „struikelblok" genoem word op die pad van die beskawing omdat daar duisende onwillige, lui naturelle 'n heenkome vind en hulle so aan die arbeid onttrek.[9]

Dan vra hy dat die sendelinge met die kapteins, naturellekommissarisse en onder-kommissarisse moet saamwerk om die arbeidsnood te help verlig. Aan die sendelinge word 'n uitnodiging gerig om hulle sienswyse oor die aangeleentheid aan hom bekend te maak.

## II

Volgens sendeling Otto Kahl was daar teen 1895 ongeveer tagtig sendelinge in Transvaal.[10] Sover vasgestel kan word het een-en-dertig van hulle laat hoor na aanleiding van die omsendbrief. Van die een-en-dertig was vier van die Ned. Geref. Kerk; een was 'n Superintendent van die Wesleyaanse Sending, twee van die Switserse Sending, een wie se genootskap nie vasgestel kan word nie en drie-en-twintig van die Duitse Sending.

* Aan die hoof van die Departement van Naturellesake het gestaan 'n Superintendent van Naturelle, wat bygestaan is deur Naturellekommissarisse en Onder-kommissarisse.

7. C.B. 11/94: Supt. van Nat., Pretoria, 27 Desember 1894, aan die sendelinge binne die Suid-Afrikaanse Republiek.
8. Ibid.
9. Ibid.
10. S.R. 406/95: Otto Kahl, Neu Halle, 21 Februarie 1895, aan die Supt. van Nat. Aangesien alle briewe van die sendelinge aan die Superintendent van Naturelle gerig is, word verder net die naam van die sendeling, plek en datum aangedui.

Van die kant van sommige sendelinge is heftig beswaar gemaak teen die skerp bewoording van die omsendbrief. C. J. Nauhaus, die Superintendent van die Berlynse Sending in Transvaal, het erken dat daar aan die begin van die sendingwerk onder die naturelle in Suid-Afrika baie foute gemaak is, maar volgens hom het daardie tydperk verbygegaan. Hy toon aan dat die boerebevolking as 'n baie godsdienstige volk beskou word en 'n mens sou verwag dat hulle 'n lewendige belangstelling in sendingwerk sou toon, maar die teenoorgestelde is die geval. „Deze *diep ingewortelde afkeur* van het Z. werk *is het standspunt,* van welke af de bestaande Zendingstasies aangesien en beoordeelt worden".[11] Nauhaus was reg. Die Transvalers was gekant teen sendingstasies omdat daar by hulle nog 'n nasmaak in die mond was as gevolg van die optrede van die Londense Sending in die Kaapkolonie.

Nauhaus het genl. Joubert verseker dat die naturelle op sy stasie nie 'n lui lewe lei nie, maar dat hulle vir hulleself werk. „De bewoners van de statie Botsabelo brengen in den handel dezes Staats jaarlijks voor omtrent £5,000 en meer in mielies, Kafferkoorn, rechte koorn, hoenders, eiers, melk en boter".[12] Hy wys daarop dat die geld wat hulle vir hulle produkte kry weer in die handel van die Staat teruggeploeg word. Hy wyt die vooroordeel van die Boere teen die sendingstasies daaran dat die blanke oordeel „zonder nauwkeurige kennis van den waren toestand deszelven".[13]

Nauhaus het verder aangetoon dat 'n groot aantal van die naturelle wat aan die sendinggemeentes van die Berlynse Sending behoort, gedurig by blankes in diens is. 'n Kwart van die manlike bevolking van die stasies werk dwarsdeur die jaar op Pretoria, Johannesburg en Kimberley. Volgens hom sou genl. Joubert by nader ondersoek vind dat van die ander naturelle — die in die reservate en op die plase van maatskappye — daar nie so 'n groot persentasie uitgaan om te werk nie. Die naturelle op die sendingstasies moes werk om die middele vir hulle bestaan te vind. Hulle gebruik klere en skoene en het baie behoeftes wat deur „die ruwe kaffers op vele private plaatsen of in Lokaties geheel en al noch niet benoodigd zijn".[14]

Nauhaus vestig die Superintendent van Naturelle se aandag daarop dat volgens die naturellekommissarisse, die naturelle op die sendingstasie die beste belastingbetalers was. Behalwe die belasting wat hulle aan die Staat moes betaal, was daar ook nog „kerkelijke en schoolbelastingen". Dus moes hulle werk anders kon hulle nie al die verpligtinge nakom nie.

In verband met die antipatie teen sendingstasies wat daar by die blanke bestaan, wys Nauhaus daarop dat die verwyt gemaak word dat die sendelinge „ryk" word op die stasies; dat selfs amptenare aan die naturelle sê: „Uwe leraars zoeken alleen maar uw geld".[15] Hy verseker genl. Joubert dat alle gelde wat ingesamel word alleen gebruik word *„om het Ryk Gods onder de heidenen te bevorderen".*

11. S.R. 467/95: C. J. Nauhaus, Bothsabelo, 6 Februarie 1895.
12. Ibid.
13. Ibid.
14. Ibid.
15. Ibid.

Stephanus Hofmeyr, sendeling van die Ned. Geref. Kerk, het gewys op die vooruitgang van Transvaal op industriële gebied met die hulp van naturelle-arbeid. In dié opsig was die naturellebevolking vir hom „onmisbaar" vir die vooruitgang van die land „en ver van een straf".[16] Soos Hofmeyr het sy kollega, J. W. Daneel, aangetoon dat die myne van Johannesburg, Barberton, Kimberley en Jagersfontein genoegsame bewys lewer dat die naturelle „een zegen voor het land zijn".[17] In verband met die sogenaamde „luiheid" van die naturelle wat nie by boere op plase werk of wil werk nie, lê Daneel die mes aan die been as hy beweer: „Er wordt al al te veel gedacht dat wanneer een naturel voor zeide zelven arbeidt het geen werk is maar dan alleen wanneer hij voor een witte man arbeidt".[18]

In dieselfde gees betwis sendeling Bauling van Lydenburg die bewering dat die naturelle eerder 'n straf as 'n seën vir die land is en hy stel ook die vraag, hoe sou die graanboere kon produseer en die goudindustrie bestaan, as dit nie vir die naturelle-arbeid was nie. Hy beweer dat dit nie sou help om te redeneer met diegene wat die sendingstasies as 'n „struikelblok" op die pad van die beskawing beskou nie want, „met hen te twisten, soude eidele moeite zijn. Laat hen maar struikelen".[19] Bauling bevestig ook Nauhaus se verklaring dat daar jaarliks duisende mud graan deur die naturelle op die mark gebring word.

In skerper taal het G. Trümpelmann beswaar gemaak teen die bewoording van die omsendbrief: „Dat duizenden van onwillige en luie kaffers op de zendingstaties eene schuilplaats vinden om een slecht leven te leiden, zijn leugenachtige praatjes".[20] Hy gaan verder en beweer dat mense wat sendingstasies as 'n „struikelblok" en „skuilplek vir slegte kaffers" sien, mense is wat sendingwerk haat. Hy verseker genl. Joubert dat indien die sendingstasies „opgelos" (opgebreek) word, die klagte oor die gebrek aan werkvolk op die plase sou bly voortbestaan.

C. Beuster het geskryf dat genl. Joubert deur 'n kommissie kon laat vasstel hoeveel naturelle daar op die stasies is wat nie werk nie en verseker hom dat die „honderde" en „duisende" „lui" naturelle nie gevind sal word nie. So 'n kommissie sou ook oortuig raak hoeveel meer beskaaf die Christelike naturelle as hulle heidense stamgenote was. Jaar na jaar gaan die manlike naturelle uit om te werk, sodra hulle eie tuine klaar bewerk was, sodat daar „op de statie zelf bijna niet mannen of jongelingen terug blijven".[21]

Beuster vra in sy brief wat van die naturelle in die reservate en op die plase van maatskappye wat nie by die boere werk nie, terwyl daar van die kant van die burgery so 'n bohaai opgaan oor die naturelle op die sendingstasies. Min het hy geweet dat daar oor hulle dieselfde bohaai

16. S.R. 260/95: Stephanus Hofmeyr, Kranspoort, Zoutpansbergen, Januarie 1895.
17. S.R. 410/95: J. W. Daneel, Molopo, 19 Februarie 1895.
18. Ibid.
19. S.R. 581/95: C. Bauling, Lydenburg, 20 Maart 1895.
20. S.R. 467/95: G. Trümpelmann, Bothsabelo, 25 Februarie 1895.
21. S.R. 544/95: C. Beuster, Klein Spelonken, Maart 1895.

opgegaan het en dat daar gedurig by die Regering en die Volksraad daarop aangedring is dat hulle „diensbaar" gemaak moes word.

Beuster haal aan uit 'n brief in die pers oor die naturelle in Noord-Transvaal, „dat in de grenzen onzer Republiek nog zoo velen hunner knechten van Chams geslacht tot op deze ure leven moet gelijkt wild in de vlakte of de bavianen in de bergen, omdat zij, nog bij dag, nog bij nacht, hun leven veilig zijn wegens de aanhoudende oorlogen en rooverijen, die met barbaarsche wreedheid bestendig voortduren in deze gewesten. . . . "[22] Hy skryf dat niemand iets oor die toestand te sê het nie en vra of hulle nie ook 'n struikelblok op die pad van die beskawing is nie. Hierin was hy ook verkeerd, want daar is baie gekla oor die stamme aan die noordgrens van die Republiek wat nog nie tot hulle „plig" gebring is nie. Hy was reg in soverre dat die Regering niks gedoen het ten opsigte van die opstandige stamme in die noorde nie, omdat hulle nie by magte was om iets te doen nie, behalwe by wyse van oorlog — iets wat hulle ten alle koste probeer vermy het.

Ten opsigte van de bewering dat die naturelle eerder 'n straf as 'n seën vir die land is, verwys Beuster ook soos ander sendelinge na die bydrae wat die naturel reeds gelewer het in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek. In verband met die arbeidsvraagstuk stel hy die vraag: „En wat zal in de toekomst worden, indien de Naturellen verkiezen tot honderden en duizenden dit land te verlaten?"[23] 'n Vrees wat inderdaad by die burgers ook bestaan het.

Henry Gonin, sendeling van die Ned. Geref. Kerk, het die bewering dat die naturel oor die algemeen nie op die pad van die beskawing gevorder het nie, as 'n onreg beskou. Nadat hy 30 jaar in die land was, was hy die mening toegedaan dat „de Naturellen goed in de beschawing vooruitgegaan zijn".[24] Gonin raak 'n teer puntjie aan as hy vra of sommige blankes nie afgunstig is op die vordering van die naturelle nie; of daar nie dikwels gekla word dat die naturelle hoogmoedig word, te veel met die blankes gelyk wil wees nie en hoe dit rym met die bewerings in die omsendbrief gemaak. Gonin was reg want daar was baie klagtes oor naturelle wat „baasspeel" en dat hulle „baas" word in Transvaal. Wat Gonin nie verstaan het nie was dat wanneer genl. Joubert en die burgers gepraat het van „beskawing" ten opsigte van die naturel, daarmee slegs bedoel is dat hy „diensbaar" moes wees, terwyl die sendelinge 'n heeltemal ander begrip van die woord beskawing gehad het.

Gonin het nie ontken dat daar lui naturelle is nie, maar „zijn er alleen onder hen trage menschen te vinden?"[25] Hy stel die vraag waar al die goeie klere wat hulle dra, gereedskap, beddens, banke, stoele, tafels, ploeë en waens wat hulle besit, vandaan kom as hulle nie daarvoor gewerk het nie. Soos Nauhaus beweer hy dat honderde handelaars alleen van die

22. Ibid.
23. Ibid.
24. S.R. 261/95: Henry Gonin, Sauls-Poort, 23 Januarie 1895.
25. Ibid.

naturellehandel leef en dat op Saulspoort, sy stasie, duisende sakke mielies verkoop word.[26] Voorts verklaar Gonin dat talle naturelle meer aan belasting betaal, by wyse van hutbelasting, wegbelasting en hondebelasting as blankes wat plase van 3,000 morge besit.

Hy voeg by dat die Naturellekommissaris van die distrik gereeld op Saulspoort meide laat roep om sy tuine te skoffel en sy mielies te oes; dat hy elke jaar „jaarkaffertjies" laat vra en dat dit hom nie geweier word nie. As daar 'n kommando opgeroep word, gee die naturelle slagbeeste en „manschappen" as drywers en touleiers en arbeiders op die plase van die burgers wat op kommando gaan.

Ernest Creuz van die Switserse Gereformeerde Sending het enige persoon uitgedaag om te bewys dat die „verwyte" in die omsendbrief waar was.[27] Hy toon aan dat van 1875 af, toe hulle met sendingwerk in Transvaal begin het, hulle naturellewaens en skotskarre aangekoop het; die naturelle dra klere, bou steenhuise en daar is onder hulle „metselaars, Smeden, pleisterers, timmermannen, politie-dienaren, enz."[28]

M. Borgen het in sy memorandum aangetoon dat hulle self ook die naturelle op die stasies nodig het en dat al die naturelle gereeld werk. Hulle word gebruik om heinings te maak, moerasagtige grond droog te lê, bome te plant en om huise te herstel. Die plan was om hulle later ambagte te leer, maar dit was 'n geval van *festina lente,* want indien hulle te veel tot arbeid verplig word, sou hulle van die stasies af weggaan en Transvaal verlaat.[29]

W. Behrens van Bethanie gaan verder en beskou die aanval op die sendingstasies as „een onverantwoordelijk laster op Gods heilig woord" want die Evangelie bring lig en daar wyk die duisternis.[30] Hy beskuldig diegene wat die sendingstasies as 'n struikelblok in die oplossing van die arbeidskwessie sien, dat hulle daarmee wil beweer dat Gods woord tot nadeel van die naturel is. Hy toon aan wat die verbreiding van die Evangelie in Europa gedoen het, „waar onze voorvaderen ook rondliepen, zoo lui, zoo onbekleed, zoo vuil, zoo baar, zoo onbeschaaft, voordat het grote licht des Evangelies licht bracht in hunne duisternis en alles nieuwt maakte".[31]

## III

Nadat die sendelinge hulle verweer het teen die aantygings wat in die omsendbrief teen die sendingstasies gemaak is, gaan hulle op 'n kalmer noot verder en beklemtoon die noodsaaklikheid van samewerking tussen Kerk en Staat.[32] Otto Kahl het dit as 'n goeie teken beskou en dit met vreugde en dank begroet, dat genl. Joubert die raad en sienswyse van die

26. Ibid.
27. S.R. 357/95: Ernest Creuz, Elim, Januarie 1895.
28. Ibid.
29. S.R. 568/95: M. Bergen, Inhlasatye, 13 Maart 1895.
30. S.R. 625/95: W. Behrens, Bethanie, 1 April 1895.
31. Ibid.
32. S.R. 406/95: Otto Kahl, Neu Halle, 21 Februarie 1895.

Duitse sendelinge in Transvaal ook gevra het. Beuster wat die saak van die sending so heftig verdedig het, het terselfedtryd ook sy dank uitgespreek dat hulle die geleentheid gekry het om hulle gemoedere te lug en dat hulle kon saamwerk „aan eene zaak, als u zegt van algemeen belang, en ik mogt wel toevoegen: van bijzondere belang van de zendingwerk in deze Z.A. Republiek".[33] Hy spreek die hoop uit dat die omsendbrief in 'n goeie gees deur die sendelinge ontvang mag word en „een gezegende uitwerking brengen".

Daar is gewys op die doel en strewe van die Duitse Sending. Dit was nie alleen om die naturelle te leer bid en sing nie, maar ook om hulle te leer werk, sodat hulle nie alleen in die vooruitgang van die land 'n hulp kon wees nie maar ook aan die seën wat daaruit sou voortkom, deel sou hê.[34] Die leuse van die Duitse Sending was „bid en werk". As die sendingstasie met die reservate vergelyk word, kon die vrug van die sending gesien word. Op die stasies is bome aangeplant, damme gebou, die grond is bemes terwyl die bome in die reservate uitgeroei is en wat die grond betref, roofbou toegepas is. As die een stuk grond uitgeput was, is die volgende geploeg — want daar was geen toesig oor die naturelle nie.

Die standpunt van die sendelinge was dat die naturelle nie tot nut vir die land kon wees indien hulle nie vir die lig van die Evangelie bekombaar was nie. Daar is gepleit dat die Regering die sending sou steun. Die Duitse Regering het sy kolonies vir die sending oopgestel en het die sending waar dit moontlik was „onder hare vleugelen" geneem. Dit het gebeur: „Omdat ze weet, dat door het Evangelie-werk een land voor beschaving veel beter geopen word, als door wapen en krijgsmacht".[35]

H. Düring het dit in sy memorandum baie duidelik gestel dat die Duitse sendelinge met hulle werk onder die naturelle meer voor oë gehad het as om net Christene van hulle te maak en hulle dan te laat loop. Hulle wou die naturelle ook opvoed tot nuttige, bruikbare lede van die samelewing, „natuurlijk veer daarvan dannen: gelykstelling te bewerken!"[36] Oor die kwessie van gelykstelling het Nauhaus opgemerk dat die Afrikaners die verkeerde denkbeeld het dat die sendelinge gelykstelling beoog, terwyl sy standpunt was dat wat deur God duidelik geskei is, die mens nie mog verenig nie.[37]

Waar Behrens die noodsaaklikheid van die sending beklemtoon, ook ten opsigte van 'n oplossing van die arbeidsvraagstuk, getuig sy beskouing van 'n rype oordeel as hy sê dat die Republiek nog jonk is en tot op daardie tydstip het die burgers net aan hulleself gedink „en hebben het aan vreemdelingen overgelaten voor hunne gekleurde onderdanen te zorgen, wat hunne ziel aangaat".[38] Dit is waar, die Suid-Afrikaanse Republiek was nog jonk, maar dit was terselfdertyd 'n aanklag teen die blanke in Transvaal.

33. S.R. 544/95: C. Beuster, Klein Spelonken, Maart 1895.
34. S.R. 399/95: K. Laik, Pretoria, 21 Februarie 1895.
35. Ibid.
36. S.R. 338/95: H. Düring, aan die Supt van Nat.
37. S.R. 467/95: C. J. Nauhaus, Bothsabelo, 6 Februarie 1895.
38. S.R. 625/95: W. Behrens, Bethanie, 1 April 1895.

Behrens beweer verder dat dit nie genoeg is dat die blanke die land in besit geneem het en „beskerming" aan naturellestamme verleen het nie, maar dat hy daarmee ook die verpligting gekry het om vir die naturelle te sorg. Die blankes, omdat hulle Christene is, moet probeer om die onderdanige naturelle te help sodat hulle „uit hunne verschriklijke duisternis en heidendom uitkomen",[39] en nuttige lede van die mensheid word en 'n seën vir die land. Daar moet ander en andersgevormde mense van hulle gemaak word. Die Bantoe moet van Kerk- en Staatsweë opgehef word en dan kan daar iets van hom verwag word.

Hy herhaal die aanklag teen die blanke as hy skryf dat Christene van ander lande en sedinggenootskappe van oorsee met veel moeite en koste iets vir die naturel in die Suid-Afrikaanse Republiek probeer doen. Hy verwys daarna dat gedurende die vorige 30 jaar die Duitse sendelinge 'n Lutherse Kerk met 'n sieletal van 33,000 en skole met bykans 5,000 leerlinge onder die naturelle gestig het „ . . . en wat doen wij, wat doent een ieder Burger voor zijn volk, wat doet de Regeering voor die kaffers, van welke ze verwacht, dat zij arbeidzaam, gehoorzaam en beschaaft zullen zijn?"[40]

K. Laik het geglo dat die naturel gedurig bearbeid moes word anders sou die bemoeiings van die Regering om van die naturel 'n beskaafde en arbeidsliewende mens te maak, tevergeefs wees „en het klagen der burgers zal niet kunnen verstommen"[41] omdat die heidense naturel werk as 'n skande en sonde beskou. Solank as wat die sending nie toegang tot die groot stamme het nie en nie deur die Regering ondersteun word nie, sou die naturelle in luiheid lewe sonder om tot nut te wees vir die land van hulle inwoning en sonder om 'n hulp te wees vir die burgers.

Die sendelinge, soos die Boere, was wel deeglik bewus van die luiheid van die „heidense" naturelle. „De vrouwen moeten de tuinen pikken, schoffelen en oogsten, zij moeten voor meel en kost zorg dragen, hebben het water na de berg op te dragen, hout uit den bosch te halen en bij alle deze arbeid nog een zuigeling op den rug te dragen".[42] Dit was die pligte van die naturellevrou, terwyl die man bier gedrink het, dagga gerook het, miskien lepeltjies uit maroelahout gekerf het of 'n velletjie gebrei het, „maar de andere tijd steelt hij onze Heer af . . . "[43] Laik vertel dat terwyl hy vir homself 'n huisie gebou het, dit vir hom onmoontlik was om van die heidense naturelle as arbeiders te huur. Hulle het hom eenvoudig uitgelag en hy moes self klippe uitbreek en aandra.

Hoewel die sendelinge bewus was van die werkskuheid van die Bantoe, het hulle hom as 'n kind gesien; 'n kind in al sy doen en late, wat nie geweet het wat betaamlik en onbehoorlik was nie en daarom was die opvoedingsproses van die sending vir hom so nodig.[44] H. Düring het die aandag daarop gevestig dat die opvoedingsproses van die Bantoe, dit wil

39. Ibid.
40. Ibid.
41. S.R. 399/95: K. Laik, Pretoria, 21 Februarie 1895.
42. Ibid.
43. Ibid.
44. Ibid.; S.R. 727/95: G. Eiselen, Magabie, 2 April 1895.

sê om van hom 'n vlytige en nuttige mens te maak, 'n uiters stadige proses is. Om die sonde van „luiheid" af te lê is nie so maklik nie. „Het gaat met deze zonde zoo, als met alle zonden, zij zijn niet zoo spoedig afgelegd, zoo als men b.v. een oude baatje uittrekt en wegwerpt".[45]

Teen die aanklag dat die naturel niks bydra tot die beskawing nie, merk C. Bauling heel wys op dat dit heel natuurlik is, want hoe kan die naturel tot iets bydra waarvan hy niks weet nie. Dit moet eers aan hom voorgelê word, „dan moeten ze daartoe aangehouden en opgeluisterd worden en ook daarna zal het maar nog zeer stadig gaan . . . ",[46] soos wat te sien is aan die oorlamse volk wat onder die Boere groot geword het.

## IV

Wanneer hulle kom by 'n ontleding van die landelike arbeidsvraagstuk, word deur verskeie sendelinge aangetoon dat dit 'n wêreldvraagstuk is. Düring wys die Superintendent van Naturelle daarop dat Duitsland met presies dieselfde probleem te doen het. Al die arbeiders stroom na die groot stede en soek daar werk by die verskillende vertakkinge van die industrieë en die landbou gaan agteruit.[47] Soos Düring het Gonin en nog ander daarop gewys dat die landelike arbeidsvraagstuk nie net 'n probleem van Suid-Afrika was nie, maar wel ook van Engeland en die vasteland van Europa.[48]

Die sendelinge was dit eens met die burgers, dat die jong naturelle liewers eers op die boereplase moes werk voordat hulle na die myne toe gaan, omdat die geestelike klimaat op die boereplase vir die naturel gesonder was as in die stede waar hy in 'n groter mate aan sedelike bederf blootgestel was.[49]

Oor die Plakkerswet was byna almal dit eens: die wet sou nie 'n heilsame uitwerking hê nie. Dit was miskien die houding van die sendelinge omdat hulle bevrees was dat die sendingstasies as gevolg van die strenger toepassing van die wet opgebreek kon word, omdat die wet nie toegelaat het dat daar meer as vyf naturelle „huishoudens" op een plaas mag saamwoon nie. Die Regering het wel die sendelinge die reg gegee om die ou „erkende" stasies op die naam van die Superintendent van Naturelle te laat transporteer as reservate en dan sou die stasies buite die bepalings van die Plakkerswet val, maar oor die algemeen was die sendelinge nie daartoe geneë nie.

R. Kühl het nie doekies omgedraai nie en het dit duidelik gestel dat die arbeidsvraagstuk nie deur die toepassing van die wet opgelos sou word nie en „de kaffers zijn niet slaven en kunnen daarom niet met geweld gedwongen worden op den een of anderen plaats te trekken, om daar voor den baas te werken".[50] Volgens hom was dit verkeerd om 'n boer vyf

45. S.R. 338/95: H. Düring, aan die Supt. van Nat.
46. S.R. 581/95: C. Bauling, Lydenburg, 20 Maart 1895.
47. S.R. 338/95: H. Düring, aan genl. P. Joubert.
48. S.R. 261/95: Henry Gonin, Sauls-Poort, 23 Januarie 1895.
49. S.R. 467/95: C. Radach, Mooifontein, 21 Februarie 1895.
50. S.R. 531/95: R. Kühl, Wallmansthal, 16 Maart 1895.

gesinne „toe te deelen", want dit help tog nie; hulle bly nie daar nie en trek weer weg. Kühl was reg want in baie gevalle het dit gebeur. C. Hansen het dit ook bevestig en het gewaarsku dat die naturelle nie bly waar hulle nie wil bly nie en dat dwang hulle net die land uitdryf.[51]

Later gedurende 1895 het die sinode van die Berlynse Sending 'n brief aan genl. Joubert gerig in verband met die Plakkerswet en het die saak soos volg gestel: Indien die Plakkerswet op die sendingstasies toegepas sou word, sou dit beteken dat die sendingwerk wat die vorige 30 jaar deur die genootskap gedoen is, vernietig sou word. Hulle was oortuig dat dit ook nie die arbeidsvraagstuk sou oplos nie want die naturelle sou nie op die plase bly en vir die boere werk, soos wat die Regering verwag het nie. Volgens die sinode het die nabure van 'n sendingstasie altyd werkvolk gehad, want op die stasies word die naturelle altyd aangemaan om te werk.[52]

Toe daar gedurende Julie 1895 aan die Bakhatla opdrag gegee is „dat zij zich verstrooijen moeten"[53] volgens Plakkerswet en hulle 'n maand gekry het om uitmekaar te gaan, het Henry Gonin aan genl. Joubert geskryf dat dit die sekerste middel sou wees om die boere van werkvolk te beroof. Hy het gewaarsku dat al die duisende Bakhatla, wat in die omgewing woon, na Betsjoeanaland sal wegtrek. Die Regering sal duisende ponde aan belasting verloor en die land duisende arbeiders. Skole en sendinggemeentes sal verwoes word. Die naturelle word verwyt dat hulle nie beskaaf raak nie, maar hoe kan dit gebeur as hulle nie met rus gelaat word nie.

Gonin skryf in sy brief dat die Bakhatla nog altyd 'n wetsgehoorsame stam was en gehelp het teen oproerige stamme en vra dan waarom hulle so behandel moet word. „Welk eenen indruk zal zulk eene, ik zij het met allen eerbied, onwijze om niet te zeggen onregtvaardige maatregel op het buitenland maken?"[54] Hy stel dit verder dat daar weer in die koerante geskryf sal word oor die harde behandeling van vreedsame naturelle. Transvaal sal weer daarvan beskuldig word dat hy slawerny wil invoer en die sending wil teëgaan „en dit niet zonder schijn". Die goeie naam van Transvaal sal daaronder ly en die boerebevolking sal daar geen baat by vind nie.

Beuster het ook gewaarsku dat die toepassing van die Plakkerswet net die naturelle van Noord-Transvaal oor die Limpopo sal laat trek.[55] Soos die Transvaalse boer, was die sendelinge bevrees dat die naturelle die land sou verlaat en dat dit verlies aan arbeidskragte sou beteken. Hulle het ook net die arbeidsvraagstuk raakgesien en was soos die 19de eeuse blanke in Suid-Afrika, nie bewus van 'n rassevraagstuk nie.

Wanneer dit kom by die meer direkte oorsake van die landelike arbeidsvraagstuk, was die oorgrote meerderheid sendelinge dit eens dat die

---

51. S.R. 594/95: C. Hansen, Polfontein, 29 Maart 1895.
52. S.R. 1003/95: Sinode van die Berlynse Sending, Bothsabelo, 7 Junie 1895.
53. S.R. 1238/95: Henry Gonin, Saulspoort, 29 Julie 1895.
54. Ibid.
55. S.R. 544/95: C. Beuster, Schewase, Maart 1895.

vinnig ontwikkelende goudmyne en die hoë lone wat daar betaal is, die naturelle van die boereplase af weggelok het.[56] Ander oorsake wat genoem is, was veelwywery, daggarokery en die gebruik van sterk drank[57] O. Krause en ander was gekant teen die kapteinskap. „Den Heiden-Kapitein benoemen als opzichter over een lokatie is niets anders als eenen bok tot tuinier aanstellen".[58] Dit is te verstane dat die naturellekapteins soms in de weg van die sending gestaan het, maar hierdie standpunt van verskeie sendelinge toon aan dat hulle, soos die res van die blankes, nie gedink het aan die ontstamming van die naturel nie. In hulle strewe om die naturel te beskaaf, was dit in werklikheid 'n poging om hom te verwesters.

Nauhaus noem 'n belangrike oorsaak wanneer hy dit stel dat die behoeftes van die naturel op daardie stadium min was en dat daar gevolglik nie altyd by hom 'n behoefte was om iets te verdien nie.[59] C. Kadach het 'n oorsaak van die arbeidsvraagstuk daarin gesien dat die naturel op 'n later leeftyd as die blanke selfstandig word en dat die lus om te werk nie daar is by die jong naturelle nie. Hy het dit verder beklemtoon dat daar by die naturel vertroue teenoor die blanke moet wees, „anders zullen jong en oud zich verbittern".[60] Trümpelmann meld dit ook dat die naturel nie vertroue in die Regering het nie „en ook zijn hunne harten vervuld met bittere gevoelens tegen de blanken".[61]

## V

Wanneer die sendelinge moet aanvoer waarom daar nie vertroue by die naturel teenoor die blanke is nie, dan kom die behandeling van die naturelle deur die boere ter sprake. Nauhaus het beweer dat die Regering die Transvaal uit die Almagtige Hande van God ontvang het en daarmee ook die verpligting om vir blanke en nie-blanke bewoners na liggaam en siel te sorg. As hy dan sien hoe min daar vir die naturel gedoen word, noem hy dit 'n pligsversuim van die kant van die Regering.[62] Wat die boere betref, maak hy die bewering: „Er zijn vele plaatsbezitters ten eenen male onbekwaam om met kaffers om te gaan".[63] In dieselfde trant het Trümpelmann geskryf dat die naturel gedwing kan word om te werk, maar as hy veronreg word moes hy beskerm word deur onpartydige regspleging. Daar moes toegesien word dat hy sy loon ontvang op die regte tyd en dat hy na afloop van sy dienstyd nie met geweld of deur onthouding van sy loon gedwing word om langer te bly nie.[64]

---

56. Onder andere het die volgende sendelinge dit gemeld in hulle briewe: S.R. 531/95: R. Kühl, Wallmansthal, 16 Maart 1895; S.R. 594/95: C. Hansen, Polfontein, 29 Maart 1895; S.R. 789/95: J. C. Roux, Mabieskraal, 15 April 1895; S.R. 338/95: H. Düring; S.R. 727/95: G. Eiselen, Goede Hoop, 16 April 1895.
57. S.R. 399/95: K. Laik, Pretoria, 21 Februarie 1895.
58. S.R. 795/95: O. Krause, Houtboschdorp, 16 April 1895.
59. S.R. 467/95: C. J. Nauhaus, Bothsabelo, 6 Februarie 1895.
60. Ibid., C. Kadach, Mooifontein, 21 Februarie 1895.
61. Ibid., G. Trümpelmann, Bothsabelo, 25 Februarie 1895.
62. Ibid., C. J. Nauhaus, Bothsabelo, 6 Februarie 1895.
63. Ibid.
64. Ibid., G. Trümpelmann, Bothsabelo, 25 Februarie 1895.

Düring het die saak so gestel dat die sendelinge weldeeglik bewus was van die foute en gebreke van die naturelle, maar dan benadruk hy dit dat die naturelle ook mense is met menslike regte en hulle behoort daarom as mense behandel te word. „Ik geloof, dat hieraan veel gezondigd is in het land, en noch voort gezondigt wordt van sommigen, en deze zonde wreekt zich".[65] Die naturel het volgens hom 'n fyn gevoel vir regverdigheid en let baie daarop hoe hy behandel word. Al word hulle ook hoe min betaal, gaan hulle liewers by 'n persoon werk wat hulle fatsoenlik en regverdig behandel, as om onbillike behandeling te verduur. Hy maak die bewering dat dit vir die naturel nie altyd moontlik is om „reg" te verkry nie. Soms ly hulle liewers onreg en verlies aan goedere as om te gaan kla, want „de Baas zal recht krygen".[66]

Gonin verwys ook daarna dat sommige boere 'n slegte naam by die naturelle gekry het omdat hulle nie hulle werkvolk goed en regverdig behandel en betaal nie.[67] In dieselfde gees skryf Beuster, dat net soos die burgery klagtes teen die naturelle het omdat hulle nie altyd op die plase wil werk nie, net so sal die naturelle ook baie klagtes teen hulle wit base kan inbring. Hy noem veral die „vroegere tijden" toe blankes hulle skuldig gemaak het aan „barbaarse" behandeling van die naturelle en „onthouden van hunne behoorlijke loon".[68] Hy stel dan die vraag of die blanke nie tot selfondersoek moet kom nie en homself moet afvra in hoe 'n mate hy self oorsaak is van die arbeidsvraagstuk nie.

Wanneer die sendelinge direkte planne aan die hand moet doen om die landelike arbeidsvraagstuk op te los, kom hulle gedagtes in baie opsigte ooreen met dié wat jaar na jaar deur die burgers in memories aan die Volksraad uitgespreek is of by wyse van briewe in die pers bekend gemaak is. Dit kom ook in hoofsaak ooreen met planne wat deur die landdroste, naturellekommissarisse en veldkornette aan die hand gedoen is.

Soos die boere, was die meerderheid van die sendelinge nie gekant teen verpligte arbeid nie. Die meerderheid wou graag sien dat die jong naturelle eers vir 'n sekere periode by 'n blanke boer in sy distrik werk, voordat hulle kon trou of na die stede of goudmyne toe gaan. Veelwywery moes bekamp word en bierdrinkery beperk word. „Maar zal men zeggen, is dit niet slavernij? en wat sal Exeter Hall in London daartoe zeggen?"[69] 'n Groter waarheid kon Futs nie uitgespreek het nie. Dit was voortdurend die vrees van die Regering en veral na 1895 toe die spanning tussen die Republiek en Groot Brittanje altyd meer en meer opgelaai het.

Daar is verder aan die hand gedoen dat 'n maksimum loon vir naturelle vasgestel moes word.[70] Indien 'n billike maksimum vasgestel is, sou dit die boere in staat stel om met die mynbase te kompeteer op die arbeidsmark. Dit was oor die algemeen die opvatting van die sendelinge

65. S.R. 338/95: H. Düring, aan genl. Joubert.
66. Ibid.
67. S.R. 261/95: Henry Gonin, Sauls-Poort, 23 Januarie 1895.
68. S.R. 544/95: C. Beuster, Schewase, Maart 1895.
69. S.R. 431/95: F. Futs, Sichem, 25 Maart 1895.
70. S.R. 399/95: K. Laik, Pretoria, 21 Februarie 1895.

dat die naturelle nie rykdom moes besit nie. Van verskeie kante is 'n beter passtelsel aanbeveel.[71] Naturelle moes nie te lank van die huis af wegbly nie want hulle was gebonde aan hulle stamlewe en hulle lewe moes menslik gemaak word.[72] Maar eienaardig genoeg, soos reeds gemeld, is van verskeie kante darop aangedring dat die kapteins afgeskaf moes word en dat dit dan sou help om die arbeidsvraagstuk op te los.[73] Naturelle moes nie gedwing word om by 'n sekere baas te werk nie.[74] Dit sou onregverdige behandeling uitskakel want die keuse van 'n baas sou by die naturel self berus.

In werklikheid was daar nie veel verskil tussen die Boere en die sendelinge in die benadering van die arbeidsvraagstuk nie. Vir die sendelinge was hy die voorwerp van hulle bearbeiding en deur die opvoedingsproses van die sending moes hy 'n nuttige, arbeidsame mens word. Vir die boere was hy 'n van Godgegewe arbeidsinstrument wat deur die arbeid op boereplase tot 'n nuttige wese opgevoed sou word, maar sendelinge en Boere was dit eens dat die Bantoe vir die blanke moes werk.

B. J. Krüger

71. S.R. 727/95: G. Eiselen, Magalie, 2 April 1895; S.R. 467/95: C. Nauhaus. Bothsabelo, 6 Februarie 1895; S.R. 410/95: J. W. Daneel, Molepo, 19 Februarie 1895.
72. S.R. 727/95: G. Eiselen, Magalie, 2 April 1895.
73. S.R. 799/95: H. W. Schullenburg, Rooijantjesfontein, 21 April 1895.
74. S.R. 315/95: F. Stullbow, Vryheid, 2 Februarie 1895.